

## BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER LYDENSTYD EN PAASFEES

### LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.



MEDITEER

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".



BID

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.



ONTVANG  
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

## Lydenstyd op pad na Paasfees

Lydenstyd is die tydperk van 40 dae (vanaf As-Woensdag wat vanjaar op 26 Februarie was) voor Paasfees. Dit is die seisoen in die kerkjaar waartydens ons oor Jesus se lyding dink.

Sondag 22 Maart	-	Vierde Sondag in Lydenstyd	-	1 Sam 16:1-13
Sondag 29 Maart	-	Vyfde Sondag in Lydenstyd	-	Eseg 37:1-14
Sondag 5 April	-	<b>Palmsondag</b>	-	Matt 21:1-11

### Groot Lydensweek:

Die week tussen Palmsondag en Paassondag staan bekend as die “Groot Lydensweek”. Dit is die hart van die kerklike jaar wat die dieptepunt van die lyding van Christus herdenk, maar ook die wonderlike misterie van die evangelie vier. Dit is ‘n week wat die felste lyding van Christus in herinnering roep, maar wat uitmond in die Opstandingsondag waar die oorwinning van die Lewe oor die dood gestalte kry.

### Meditasiediens in Moederkerk met nagmaal om 18:00 - 18:45

Maandag 6 April - Joh 12:1-11

Dinsdag 7 April - Joh 12:20-36

Woensdag 8 April - Joh 13:21-30

Donderdag 9 April - Joh 13: 1-17

Vrydag 10 April - **Goeie Vrydag** - Jes 52:13-53:12  
- Erediens in Moederkerk om 9:30

Saterdag 11 April - **Stil Saterdag**  
- (Geen erediens)

Sondag 12 April - **Paassondag** - Joh 20:1-18  
- Tuindiens om 6:00  
- Erediens om 9:30 in Moederkerk

